AKTUEEL

# PEOPLE'S HISTORY EN GESKIEDENISONDERRIG OP SKOOL : 'N ALTERNATIEWE GESKIEDENIS VIR DIE NUWE SUID-AFRIKA?*

*W.P. Visser:*
*Departement Geskiedenis,*
*Universiteit Stellenbosch*

Op die Dertiende Tweejaarlikse Konferensie van die Suid-Afrikaanse Historiese Vereniging in Januarie 1991 by Unisa het die kollig veral op die popularisering van geskiedenis, en spesifiek die omstrede kwessie van "people's history", geval. Die wetenskaplike integriteit van die popularisering van geskiedenis en **people's history** is heftig vanuit sommige oorde gekritiseer, maar daar is ook duidelik kennis geneem van die feit dat aktiviste oor 'n wye front geskiedenis op sodanige wyse beoefen. So het Stan Nkosi van die ANC dit onomwonde gestel dat geskiedenis moet help om die Suid-Afrikaanse samelewing te verander en die gemeenskap te "demokratiseer".

In die lig van hierdie uitsprake en die vrae en debatte rondom watter geskiedenis in die skoolsillabusse van die toekomstige Suid-Afrika geïmplementeer moet word, moet **people's history** as sogenaamde alternatiewe geskiedenisonderrig ook onder die soeklig geplaas word. Dus kan die volgende vrae gevra word: Wat is **people's history** en wat is die oorsprong daarvan? Wie beoefen dit en waarom? Kan **people's history** as alternatief vir die bestaande skoolgeskiedenisonderrig in 'n nuwe, hergestruktureerde opvoedingstelsel dien?

## 1. <u>OORSPRONG</u>

Die oorsprong van die **people's history**-beweging in Suid-Afrika kan teruggevoer word na sekere intellektuele en akademiese strominge wat sedert die laat sestigerjare aan universiteite in Wes-Europa en Noord-Amerika ontstaan het. Daar is 'n beweging van **people's history**, of 'n **history from below**, begin om die geskiedenis van "gewone mense" te ontsluit en dit ook buite die universiteite bekend te stel. So het daar byvoorbeeld in Brittanje 'n **History Workshop**-beweging as manifestasie van studente- en vakbondverset ontluik. Dit wou 'n tipiese rewolusionêre geskiedenis "van onder af", dit wil sê vanuit 'n werkerstandpunt, aanbied, gebaseer op sosialisties-"demokratiese" verset teen oorheersing en kapitalisme wat ook 'n politiek-aktivistiese klassestryd-voorstelling van die eie landsverlede moes wees.

Ruskin Kollege in Oxford, tradisioneel 'n akademiese vakbondinrigting waar jong mense uit die werkerstand studeer, was die aangewese sentrum hiervoor. Die werkers se frustrasie met die destydse eksamengerigte opvoedingstelsel het by die kollege aanleiding gegee tot die instelling van 'n **History Workshop**-benadering in 1966. Die skepping van die term **workshop** vir daardie byeenkomste, waarin besin is oor navorsingsprojekte, was juis 'n poging om die werkersklas-aard daarvan aan te dui. Deelnemers aan die **History Workshop**-beweging het hulle ideologies verbind tot die breë arbeidersbeweging se magstryd teen die kapitalisme.

Geïnspireer deur bogenoemde intellektuele strominge wat by Ruskin Kollege, asook ander Britse akademiese instellings geheers het, het sekere Suid-Afrikaanse akademici, wat gekant was teen die sosio-politieke orde in Suid-Afrika, vanaf die vroeë sewentigerjare tot die Suid-Afrikaanse historiografie begin toetree.

*Oorspronklik as referaat gelewer op die

Vierde Tweejaarlikse Konferensie van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Geskiedenisonderrig, Universiteit Vista, Pretoria, 28-29 September 1992.

Faktore soos die groei van buite-parlementêre groepe en swart vakbonde, asook die nadraai van die Durbanse stakings van 1973 en die Soweto-opstand van 1976, het die akademici daartoe beweeg om ook ten opsigte van Suid-Afrika onder meer die geskiedenis van gewone (swart) mense, kleinboere, fabrieks-, myn- en ander werkers, huishulpe, handelaars, werkloses, woonplekke (townships), die ontstaan van plakkersgemeenskappe, swart verstedeliking, georganiseerde swart arbeid, die oorsprong van 'n swart "werkersbewussyn" en swartmense se stryd teen blanke owerhede in die stad te bestudeer en te beskrywe - dus, 'n **history from below** of 'n ware **people's history**.

Die nuwe benadering ten opsigte van geskiedskrywing wat sedert die laat sewentigerjare op Suid-Afrikaanse bodem wortel geskiet het, het veral in die publikasies en konferensies van die **History Workshop Group** van die Universiteit van die Witwatersrand, wat in 1977 gestig is, tot uiting gekom. Die **Workshop** het hom op die onontginde werkersgeskiedenis van die Witwatersrand toegespits en hom die popularisering van geskiedenis onder werkers en studente na 1976 ten doel gestel. Die boodskap was duidelik: alle gewone mense het 'n bydrae te maak tot die studie van hulle land se geskiedenis. Die fokus was dus op **grassroots**-geskiedenis gerig wat 'n doelbewuste poging behels het om die studie van geskiedenis te "demokratiseer". Ten opsigte van **people's history** verklaar Bundy dan ook: "It insists upon a place in history for the lives of ordinary men and women ...".[1]

Ander instansies wat tot stand gekom het en op 'n soortgelyke basis as Wits se **History Workshop** te werk gegaan het, was onder andere die **International Labour Research and Information Group** (ILRIG) van die Universiteit van Kaapstad en die **Black Research Program** in Johannesburg sedert 1981, die **South African Council for Higher Education** (SACHED) in die Wes-Kaap, asook SACHED se **Labour and Community Project** (LACOM).

Dit was egter die swart skoolboikotte, die wegbly en die protesaksies van 1984 en 1985, wat aanvanklik in die Oos-Kaap en Transvaal ontstaan het, wat aan die Suid-Afrikaanse **people's history**-beweging en **history workshop**-idee teen 1986 groot stukrag verleen het. Anti-apartheidsaktiviste het die idee van 'n "people's education for people's power" begin propageer. Dit was 'n verset en opstand teen die apartheidsonderwys wat met "education for domination", "gutter education" en "education for domestication" gestigmatiseer is. Die slagkreet "liberation before education" is omgekeer na "education for liberation". Met die konsep "people's education" is 'n radikale hersiening van sillabusse beoog.

Dit het uiteindelik gelei tot die stigting van die **National Educational Crisis Committee** (NECC) in 1985/86. Die NECC het in alle erns begin met die instelling van 'n **People's Education Secretariat** wat onder meer 'n sub-komitee vir geskiedenis, bekend as die **People's History Commission** bestaande uit 15 persone, moes saamstel. Aan hierdie kommissie is die koördineringstaak opgedra vir 'n herwaardering van die studie van (politieke) geskiedenis in die huidige opvoedingstelsel.

Segsmanne van die NECC het onder meer verklaar: "We will formulate our own history syllabus, which will include people's perceptions of what history is, international and African history", en "... we want to be taught history in the correct way. It must be taught in a fair manner and not in the way in which we have been taught by the Department of Education and Training ... **People's history** will tell of the history of the African National Congress, the Pan Africanist Congress and explain events such as Sharpeville and the 1976 Soweto uprisings".[2]

## 2. <u>DIE AARD, WESE EN KENMERKE VAN PEOPLE'S HISTORY</u>

Uit die werksaamhede van die NECC se **People's History Commission** het 'n werkboek ***What is History? A New Approach to History for Students, Workers and Communities*** in 1987 verskyn. In hierdie werkboek word gepoog om "historiese vaardighede" onder studente te ontwikkel, om hulle aan te moedig om

historiese bronne krities te takseer en om 'n bewustheid van die partydigheid en vooroordeel van geskiedskrywing onder hulle te kweek. Dit is ook 'n poging om stof daar te stel wat die "verdraaiings regstel" en mense in beheer van die proses wat geskiedenis skep, te plaas. Bundy sluit by hierdie siening aan: "Black History has re-established black people as the subjects, and not the mere objects, of history; it restores to them the status of makers of their own history, rather that the victims or creatures of `white' history ...".[3]

In buite-kurrikulêre bewustheidsprogramme oor geskiedenis is daar in sommige swart skole, waar aspekte van **people's education** reeds ingevoer is, byvoorbeeld geleenthede gebied waar leerlinge opstelle kon voorhou wat die tipe (swart) geskiedenis wat uit die voorgeskrewe handboeke uitgelaat word, illustreer. Hierdie benadering word ook gehandhaaf in die swart aktivistiese koerant ***New Nation***. Die blad bied historiese temas aan soos Piet Retief se onderhandelinge met Dingaan waar die "leuens", "verdraaiings" en "waninterpretasies" van die bestaande (blanksentriese) skoolgeskiedenishandboeke uitgewys word, asook die "rassistiese" terminologie wat in Suid-Afrikaanse historiese tekste voorkom.

Die revisionistiese benadering van ***What is History***? is ook gevolg in die boek van L.Witz: ***Write your Own History*** wat onder beskerming van Wits se **History Workshop** en SACHED verskyn het. Daarin word "gewone mense" aangemoedig om navorsing te doen en self die geskiedenis van hulle kerk, skool, gemeenskap, organisasie, vakbond of familie te skryf. Ook hier word gepoog om historiese vaardighede te ontwikkel, soos hoe om bronne op te spoor, 'n onderhoud met mense te voer, historiese getuienis te evalueer, notas te maak en partydigheid in bronne uit te ken. Die opteken van mondelingse historiese getuienis neem veral 'n sentrale plek in hierdie metodiek in. Die werkwyse om verskillende gesigspunte oor 'n sekere gebeurtenis te jukstaposisioneer sonder om 'n oordeel daaroor uit te spreek, maar dit aan die lesers oorlaat om self gevolgtrekkings te maak, word ook deur die geskiedenishandboek van P. Kallaway (et al) : ***History Alive Std. 10***, gevolg.

Alexander verklaar dat alternatiewe, radikale, bevrydings-, swart geskiedenis en **people's history** slegs verskillende aspekte van dieselfde historiografiese begrip is.[4] Volgens Bredekamp (Bredekamp en Messina, 1990 : 6) verteenwoordig die aard en wese van **people's history** dus 'n breuk met die ortodokse studie van politieke geskiedenis op skool, kollege en universiteit. Dit poog om die teenstrydigheid reg te stel tussen 'n geskiedenisbeeld wat voor die geestesoog geroep word maar nie histories getrou die (nie-blanke) massamense se belewenis van die apartheidsbestel weergee nie. Hierdie teenstrydigheid het bygedra tot die persepsie in swart geledere dat amptelike sillabusse en goedgekeurde handboeke daarop gerig is om 'n "mitologiseringsrol" ten opsigte van die Suid-Afrikaanse verlede te speel.[5]

Tweedens dui dit op 'n klemverskuiwing van inhoud : van 'n blanksentriese na 'n Afrikasentriese benadering. Klem word dus gelê op (nie-blanke) versetleiers se bydrae tot die geskiedenis, die voorsate van swartmense se pynlike belewenis van kolonialisme, kapitalisme en apartheid, en 'n alternatiewe voorstelling van die "ware" demokrasie. Inhoudelik word besondere aandag gegee aan die verdrukte se versetstryd teen die "magte van onderdrukking" terwyl afwysend gestaan word teenoor 'n beklemtoning van die sosio-politieke en ekonomiese prestasies van die (blanke) heersersklas. In ooreenstemming met hierdie historiese bewussyn stel **people's history** hoofsaaklik belang in die versetstryd van die afgelope 500 jaar teen onteiening, onderdrukking en uitbuiting. In hierdie verband haal Bundy die Britse radikale historikus Eric Hobsbawm aan wat verklaar dat geskiedenis "... is on the side of the people against the rich and powerful, in opposition to governments and rulers ...", en die Franse historikus Jean Chesneaux: "... to reject the Establishment version of historical knowledge".[6]

Volgens Van Jaarsveld is **people's history**, soos vanuit bogenoemde hoek beskou, 'n tipe griewegeskiedenis waarin die blankes vir "misdade" teen die "onderdrukte" deel van die bevolking aangekla word. Die kontra-geskiedenis kom van diégene wat hulle as oorwonnenes, onderdruktes, ekonomies uitgebuit, sosiaal ten agter gestel en histories beroof van hulle identiteit beleef.[7] In 'n publikasie van die Universiteit van Wes-Kaap se **People's History Series**, ***Let us speak of freedom***, word die hede-ervaring in die

verlede geprojekteer. Van Riebeeck het "geplak" op grond wat aan die Khoi-mense "behoort" het - die Hollanders het die land van hulle voorvaders "geroof".

**People's history** behels volgens Bredekamp en Messina ook 'n teleologiese dimensie.[8] Kennis oor die verlede word nie neutraal aangebied nie, maar as deel van 'n proses om die apartheidsamelewing te transformeer. Daarom moet die (swart) mensemassa se denke oor die hede-situasie en die gepaardgaande historiese perspektiewe wat daarop nagehou word allereers getransformeer word. Daarom wil **people's history** die "verdrukte" bedag maak op die "verskuilde motief" agter konvensionele geskiedenisonderrig, te wete die aankweek van 'n gees van gedienstigheid jeens die staat en die aanvaarding van 'n minderwaardige sosiale stand in die apartheidsamelewing. Daarteenoor wil **people's history** 'n ***ideologiese wapen*** wees deur die historiese wortels van (swart) Suid-Afrikaners se "verknegting" aan te dui en hulle te inspireer tot 'n aktiewe bydrae tot die omvorming van hulle land en om met nuwe oë na hulle geskiedenis te kyk. Verdieping van die historiese kennis ten einde aktivistiese politieke betrokkenheid te verskerp, en 'n transformasie van die denke rondom die identiteitskrisis in nie-blanke geledere te bewerkstellig, is dus die wese van en oogmerk met **people's history**.

Ten opsigte van **people's history**-metodiek staan die konsep demokrasie sentraal. Daar word gepoog om 'n metodiek te ontwikkel wat demokraties, aktief, geïntegreerd en kollektief van aard is en terselfdertyd verband hou met die konkrete realiteit van studente se leefwêreld. Die leerkrag word in hierdie demokratiseringsproses as op gelyke sosiale vlak met die studente beskou. Die leerkrag mag dalk oor meer teoretiese kennis beskik, dog nie noodwendig dieselfde praktiese ervaring van die apartheidswerklikheid hê nie. Dit maak studente se idees oor wat bestudeer behoort te word belangrik.

Die taak van die leerkrag verskuif van leermeester na dié van koördineerder van die geskiedenisprogram. Die leerkrag bepaal nie meer alleen die keuse van die temas wat behandel word nie, maar doen dit in oorleg met studente en verteenwoordigers van die gemeenskap. Sodoende word gepoog om op 'n demokratiese wyse inspraak aan alle betrokkenes te gee in die aanleer van geskiedenis.

Hierdie uitgangspunt word duidelik in 'n verklaring van voorneme in die NECC-publikasie ***What is History***? geïllustreer: "The learners themselves should be allowed to choose the direction of the discussion and to put forward their own views. Teachers should try to draw out and build on student responses rather than look for `the right answer'. It is very important that learners discuss how ***they*** feel about the issues raised and that they begin to think critically about any information they receive".[9] Ook Witz handhaaf hierdie siening in sy boek ***Write Your Own History*** en verklaar "... ultimately the history will be written by the people and the group writing the history will decide on what to include and exclude from their history".[10]

## 3. EVALUERING

By evaluering blyk dit dat daar twee uitgangspunte ten opsigte van die konsep **people's history** bestaan. Oor die kwessie dat populêre geskiedskrywing en **people's history** wel 'n plek in die Suid-Afrikaanse historiografie verdien, en dat sommige kringe dit selfs as 'n onontbeerlike ontwikkeling in die geskiedskrywing beskou, is daar breë konsensus onder historici. Die studie van die geskiedenis van "gewone mense", hulle kultuur, gemeenskappe, ekonomie, ens., dit wil sê hulle totale mensheid, is 'n aspek van die verlede wat inderdaad in die tradisionele Suid-Afrikaanse historiografie verwaarloos is en dit moet beslis aangespreek word. In hierdie opsig sluit **people's history** aan by die strukturele benadering van die Franse Annaleskool. Net soos 'n blanke leerling daarop geregtig is om van die geskiedenis van sy dorp en omgewing te leer, is die swart leerling daarop geregtig om van sy gemeenskap, helde en historiese belewenisse te leer. Die ideaal sou 'n gesamentlike sillabus wees waarin hierdie perspektiewe in interaksie tot mekaar gestel word.

Die metodiek van bronne-ontginning wat deur **people's history** gevolg word, hou ook belowende moontlikhede in ten opsigte van die blootlegging van 'n onontginde verlede in die soeke na die historiese waarheid en het dus ongetwyfeld meriete. Daarby is die griewe wat die aanhangers van **people's history** veral teen die blankgesentreerde

geskiedenishandboeke vir nie-blanke skole koester, geldig en verdien regstelling. Hierdie menings is dan ook alreeds in talle artikels, referate, toesprake en berigte deur historici uitgespreek.

Ten opsigte van geskiedeniskurrikulering en -onderrig op skool in die nuwe Suid-Afrika, sal die debat egter nog vir 'n geruime tyd woed rondom die tipe metodologiese en selfs ideologiese benadering en (politieke) onderwysbeleid wat in 'n nuwe onderwysbedeling nagevolg moet word. Daarom is daar sekere aspekte van die aard en wese van **people's history**, veral met betrekking tot die meer ***radikale interpretasie*** daarvan, wat geëvalueer moet word om te bepaal of dit aan die eise van didaktiese en pedagogiese geskiedenisonderrig voldoen.

Een van die verklaarde doelwitte van **people's history** is die ontwikkeling van historiese vaardighede. Vanuit 'n wetenskaplik gefundeerde oogpunt beskou, behels historiese vaardighede die vermoë om met historiese bronne, inligting en gegewens te werk, dit wil sê te identifiseer, te klassifiseer, te katalogiseer en feit en mening te skei. Vaardighede beteken die versamel van basiese boumateriaal. Wat **people's history** met vaardighede bedoel, is die aanwending van geskiedenis om 'n bepaalde persepsie, houding en strydvaardigheid te skep. Dit kan dus nie as wetenskaplik gefundeerde historiese vaardighede beskou word nie. Ten opsigte van voorbeelde uit die geskiedenis gaan die aanhangers van **people's history**, waar dit by metodologiese vaardighede kom, uiters selektief te werk en gebruik op dieselfde wyse as die Marxistiese geskiedskrywing, slegs dié voorbeelde wat binne hulle ideologiese verwysingsraamwerk pas. Met ander woorde, hulle selekteer en evalueer historiese kennis vooraf en lei dus hulle studente slegs tot dié kennis wat as die alleengeldende norm bepaal is.

Saam met wetenskaplik gefundeerde historiese vaardighede hang tweedens ook 'n historiese denkwyse. Dit behels die ontwikkeling van 'n begrip van hoe om kousaliteit, kontinuïteit en verandering te hanteer, 'n duidelike tydskonsep en 'n empatiese aanvoeling vir die historisiteit van idees, gebeure en dinge. Derdens vereis dit ook die vermoë om die totaliteit van die waarheid in sy volle kompleksiteit te stel, dit wil sê die vra van indringende vrae. Vierdens vereis wetenskaplik gefundeerde geskiedenisbeoefening 'n perspektiwiese blik op historiese gebeure en die vermoë om daardie perspektiewe tot 'n eie sintese te verwerk, met ander woorde, 'n vermoë om te begryp dat historiese gebeure nie 'n eenduidige betekenis het nie, maar noodwendig wisselende betekenis vir verskillende belangegroepe. Laasgenoemde drie kriteria ontbreek geheel en al by **people's history**, want dit wil geskiedenis as 'n kruisvaart en nie 'n kennisvaart nie aanwend. Ten opsigte van intellektuele vaardighede sien eksponente van **people's history** geskiedenis as die mobilisering van die (bevrydings-) ideologie wat hulle propageer. Een spesifieke historiese perspektief word geneem en verhef tot die ***enigste*** historiese perspektief.

Bredekamp verklaar dat daar nog geen enkel, rigiede, algemeen aanvaarde omskrywing van **people's history** bestaan nie en dat die beweging nog geen duidelik geïdentifiseerde teikengroep het nie.[11] Daar word geen onderskeid tussen die begrippe leerling en student gemaak nie. "Student" is die term wat algemeen in **people's history**-literatuur gebruik word.

Die vraag ontstaan nou of leerlinge op skool en selfs junior voorgraadse studente aan kolleges en universiteite inderdaad akademies en intellektueel opgewasse is om sonder die begeleiding van 'n akademies onderlegte leerkrag historiese bronne krities te selekteer, te orden, te evalueer en objektiewe, wetenskaplik gefundeerde oordele uit te spreek. Is sulke "selfopgeleide historici", wat Van Jaarsveld "kaalvoet-`historici' of pseudo-wetenskaplikes" noem,[12] werklik daartoe in staat om sonder wetenskaplik-historiese (op-) leiding geskiedenis te skryf wat 'n wesentlike bydrae tot die historiografie sal maak? Is dit prakties uitvoerbaar, moet dit op voor- of nagraadse vlak bedryf word en wat sal die standaard van sodanige geskiedskrywing wees? Op hierdie vrae bied **people's history** tans geen antwoorde nie.

In aansluiting by bogenoemde kritiek word die **people's history**-metodiek van "demokratiese deelneming" in geskiedenisbeoefening, waar leerkragte op gelyke sosiale vlak as leerlinge en studente getakseer en die leerkrag slegs tot koördineerder van die geskiedenisprogram gereduseer word, ook bevraagteken. Die

doelstelling van **people's history**, om te verhoed dat akademies gemonopoliseerde kennis, historiese ervaring en perspektiewe op die geskiedenisbeoefening van die leerlinge en studente afgedwing word, is wel 'n baie edele poging. Maar die vraag moet gevra word of die belangrike besluitnemingsbevoegdheid, wat studente en ander "verteenwoordigers van die gemeenskap" wat in baie gevalle nie histories-wetenskaplik geskoold is nie, met betrekking tot die genoemde doelstelling ten opsigte van die inhoud van geskiedeniskurrikula moet kry, pedagogies-didakties verantwoordbaar en haalbaar is?

Selfs histories-wetenskaplik opgeleide kurrikuleerders het menslike tekortkominge en daarom is die kritiek, dat daar altyd 'n mate van subjektiwiteit ten opsigte van geskiedeniskurrikulering sal wees, dus geldig. Tog sal die strewe na objektiwiteit, wat die etos van alle eerlike, waarheidsoekende, wetenskaplike historici is en van wie baie ook kurrikuleerders is, altyd die historiese "gewete" van die historiografie wees. Buitendien beskik die historiese wetenskap oor sy eie regstellende metodiek, te wete die herinterpretasie van die verlede. Waar enige persoon of persone in die posisie gestel word om met ander motiewe as bogenoemde te besluit wat is geskiedenis en wat is nie en wat in die kurrikulum ingesluit moet word en wat nie, word geskiedenis as vak 'n oneer aangedoen en word onhistoriese motiewe gedien. So is Bredekamp en Messina ook van mening dat wanneer akademiese aanspreeklikheid teenoor geesgenootlike geskiednavorsers ingeboet word ter wille van geloofwaardigheid in die bevrydingstryd, **people's history** gevaar loop om "merely the handmaiden of current political battles" te word.[13] Dan het **people's history** sy waarde as 'n geldige alternatiewe herwaardering van die studie van politieke geskiedenis verloor.

Ook die teleologiese dimensie van **people's history**, waar kennis oor die verlede nie neutraal aangebied word nie, maar as middel tot 'n doel om die apartheidsamelewing te transformeer, vereis 'n kritiese evaluering. Hierdie benadering berus op 'n ideologiese, aktivistiese en rewolusionêre beginsel wat steun op die (Marxistiese) historiese materialisme en sosialisme. Dit behels ook 'n sosialisties-demokratiese en teoretiese onderbou wat die bewusmaking van 'n nuwe historiese bewussyn deur middel van werkersklasstakings en wegblyaksies, dit wil sê 'n klassestryd-by-die-werkplek-benadering in die styl van Ruskin Kollege, beteken.

Vanuit hierdie oogpunt beskou, word **people's history** as 'n aktivistiese, rewolusionêre en ideologiese mobilisasie van die swart mensemassa aangewend - die tipe griewegeskiedenis waarna Van Jaarsveld verwys - en dan kan dit ook nie as 'n wetenskaplik gefundeerde historiese metode beskou word nie. Dit kom neer op die aankweek van 'n rewolusionêre historiese bewussyn.

Die beskuldigings van bevooroordeeldheid en partydigheid wat altyd teen die blanksentriese geskiedbeskouing geslinger is, is in hierdie geval net so sterk geldend omdat kennis oor die verlede as middel tot 'n politieke doel en nie om geskiedenis as sodanig aangebied word nie.

Ten opsigte van die teleologiese benadering bestaan daar ook die gevaar van hede-betrokkenheid wat dui op die identifisering van hede-bewegings met verlede-verskynsels, en dus terugprojeksie impliseer wat na vervalsing van die verlede kan lei omdat die verskille tussen hede en verlede bewustelik nie raakgesien word nie. Ook by **people's history** kan verdraaiinge deur wanvertolking van getuienis voorkom. Volgens Van Jaarveld is die probleem met **people's history** dat dit ten nouste verbonde is aan die bevrydingsideologie van die huidige tydsfeer.[14] Dit gaan dus nie net om die ontmaskering van wat deur leerplanne "uitgesluit" of "weggesteek" word nie, maar ook om historiese ervaring te demonstreer wat vóóraf vasstaan, naamlik 'n onderdrukking-weerstand-bevrydingsindroom met uitsluiting van bewysmateriaal wat nie netjies by die vooroordeel van die skrywer inpas nie. 'n Nuwe "klas"-gebaseerde mitologie word sodoende geskep wat weinig met die werklikheid verband hou.

In soverre dit **people's history** aangaan, is die geskiedenis toekomsgerig en ingestel op sosiale verandering in die hede. Dit het tot onderdeel van 'n kulturele rewolusie geword wat ter ondersteuning van 'n verwagte politieke rewolusie moet dien. Dit bring die gevaar mee van 'n gefabriseerde "nuwe" verlede, te wete 'n verideologiseerde en verpolitiseerde geskiedenis wat kritiek op die verlede uitspreek met die oog op 'n beter

toekoms.

As die samelewing klaar rewolusionêr, aktivisties en ideologies getransformeer is, bly die vraag nog steeds, wat dan? Volgens Bredekamp bestaan die hoop dat die teikengroep by die bereikte ideaal sal geleer het om krities bewus en ingestel te wees, met ander woorde dat 'n volks- of nasie-etos bereik sal wees in die strewe na 'n gemeenskaplike waarheid.[15] Die **people's history**-beweging het egter nog nie 'n duidelik gefundeerde einddoel nie. Sodra die genoemde ideaal bereik is, moet hierdie doelstellings weer aangepas word.

Bredekamp stel dit egter duidelik dat die teikengroep van die **people's history**-beweging slegs die "verdruktes" van Suid-Afrika kan wees wat by implikasie eksklusief is en slegs op nie-blankes dui.[16] Mosala bevestig hierdie standpunt: "... in South Africa the history of the dominated and exploited classes is the history of Black people ... there can be no liberating/liberative history that is not at the same time the history of Black people, or shall we say, Black history. No genuine liberation is possible that does not transform itself into the liberation of Black history ... liberation or liberatory history in this country has to be Black history, even if it is not being made by Black people. Unless it becomes Black history it cannot liberate".[17]

**People's history** wil dus 'n totaal ander soort geskiedenis skep wat nie naas die erkende geskiedenis wil bestaan nie, maar in die plek daarvan. Daarom wil die voorstanders van **people's history** nie net die inhoud van die verwaarloosde of miskende geskiedenis by die Suid-Afrikaanse historiografie betrek sien nie, maar wil hulle 'n eie filosofie, metodologie, opvoedkundige teorie, onderrigmetode en eksamineringsmetode ontwikkel.

Van Jaarsveld wys daarop dat Geskiedenis (**people's history**) tans as wapen vir politieke doeleindes misbruik en in diens van die bevrydingstryd gestel word.[18] So word geskiedenis as hulpmiddel en argument aangewend om 'n "alternatiewe" toekoms te bevorder. Waar geskiedenis utopies aangewend word, word die huidige ervaringswêreld gekritiseer. Ook by **people's history** word verwringing en polities-propagandistiese manipulering van geskiedenis aangetref met as doelstelling emansipasie en bevryding. Die massamens word op 'n kunsmatige wyse gemobiliseer deur op die geskiedenis terug te gryp, wat op konstruksie, onewewigtige voorstellinge en terugprojeksie vanuit die hede op die verlede neerkom. Wat as doel vir die toekoms gestel word, bepaal die uitleg van die verlede en die verstaan van die hede - in dié geval 'n swart meerderheidsregering, dus 'n "verswarting" van die ganse verlede asof blankes slegs 'n negatiewe en destruktiewe aandeel daaraan gehad het.

Dat **people's history** 'n faktor in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing geword het waarvan duidelik kennis geneem moet word, ly geen twyfel nie. Tans wil dit voorkom of die radikaler benadering tot **people's history** die grootste aftrek kry. In die lig van die beoordeling in die voorafgaande paragrawe blyk dit egter duidelik dat **people's history** in sy radikale vorm nie die antwoord as 'n alternatiewe geskiedenis vir die nuwe Suid-Afrika is nie.

1 H.C. Bredekamp en E.A. Messina, Liberatory History and the Struggle in South Africa, p. 13. Bellville, 1990.

2 R. van den Heever (red): Alternative Education: Vision of a Democratic Alternative, p. 1. UTASA, 1987.

3 H.C. Bredekamp en E.A. Messina: Op. cit., p. 14.

4 Ibid, p. 18.

5 Ibid, p. 6.

6 Ibid, p. 14.

7 F.A. van Jaarsveld: Omstrede Suid-Afrikaanse Skoolgeskiedenis, Historia vol 34 nr 2, November 1989, pp. 10-11.

8 H.C. Bredekamp en E.A. Messina: Op. cit., p. 6.

9 NECC: What is History? A New Approach to History for Students, Workers and Communities, p. 3. NECC, Johannesburg, 1987.

10 L. Witz: Write Your Own History, p. 994. Ravan Press, Johannesburg, 1988.

11 H.C. Bredekamp: People's History - 'n herwaardering van die studie van politieke geskiedenis?, p. 1. Ongepubliseerde voordrag, RAU-beraad, 7.9.1988.

12 F.A. van Jaarsveld: Op. cit., p. 12.

13 H.C. Bredekamp en E.A. Messina: Op. cit., p. 7.

14 F.A. van Jaarsveld: Op. cit., p. 1.

15 H.C. Bredekamp: Op. cit., p. 1.

16 H.C. Bredekamp: Lesing oor People's History. Parow Onderwyssentrum, 24.7.1990.

17 H.C. Bredekamp en E.A. Messina: Op. cit., p. 17.

18 F.A. van Jaarsveld: Op. cit., p. 12; Omstrede Suid-Afrikaanse Verlede: Geskiedenis-ideologie en die Historiese Skuldvraagstuk, pp. 123-164. Lex Patria, Johannesburg, 1984.